than a **violent** settlement of the conflict in South Africa. It is also clear that the USSR is willing to co-operate with other governments, for example the United States and United Kingdom, to assist in bringing about such a settlement. We were left in no doubt that the USSR regards it as the primary responsibility of those in power in South Africa to create the practical conditions which would make such a settlement probable."

These practical conditions included the release of detainees and political prisoners; the unbanning of banned and restricted organisations; the dismantling of apartheid structures; the lifting of the State of Emergency and negotiating the transfer of constitutional power to a new democratic dispensation for all the people of South Africa.

"We found no evidence at all that the USSR is putting pressure on the ANC to abandon the armed struggle before the conditions for a negotiated settlement had been created by those in power in South Africa, or that the USSR is considering abandoning support for the ANC in favour of closer contact and relations with those who are in power in South Africa at present.

"This was also confirmed to us by the ANC representative in the USSR, Simon Makana, and we believe it would be a dangerous delusion for interest groups in South Africa to proceed on distorted or wrong assumptions in this regard."

The statement concluded: "With the above qualifications kept in mind, it is our view, from these discussions, that the USSR is prepared to play a positive and constructive role in bringing about a political settlement in South Africa and to reduce the potential for escalating violence in that region."



In Moscow . . . Enos Mabuza, Jane Slabbert, Simon Makana, Van Zyl Slabbert, Vasily Solodovnikov, Lyudmila Vielemaa, Johan Degenaar, Slava Tetiokin, Vladimir Shubin.

# Van Rooi Beer tot Russiese heer!

**Vyandbeelde werk nie meer nie, sê *Rapport* in dié onlangse hoofartikel.**

**HOE gerieflik was dit nie oor lange jare om die Rooi Beer as 'n gerieflike slaansak te hê nie. Was dit dan nie hy wat hoofsaaklik agter die "totale aanslag" gesit en alles wat daarmee gepaard gegaan het nie?**

**Maatreëls wat in wese ondemokraties was, kon, indien deur niks anders nie, ook maar as 'n noodwendige uitvloeisel van die allesomvattende bedreiging geregverdig word.**

**En nou? Skielik word met die Rooi Beer gepraat, en hóé! Sonder Sowjethulp, so lyk dit, sou sake nie reggekom het in Suidwes/Namibië in die mate dat dit wel reggekom het nie — hoewel 'n mens daaroor nie te vroeg wil oordeel nie.**

> 'Ook ander vyandbeelde — byvoorbeeld Mandela en die ANC — word al plek-plek in 'n effens ander lig gesien'

**Kykers van ons televisiediens (altyd erg sensitief vir veranderinge in amptelike houdings) moes seker 'n slag of twee diep asemhaal om gewoond te raak aan die gesig van 'n simpatieke Russiese heer wat simpatieke geluide oor Suid-Afrika maak. Dieselfde hoë Russiese heer het later glo per helikopter oor die Witwatersrand gevlieg.**

**Ja nee, altyds iets nuuts uit Afrika . . .**

**Waarmee nie gesê wil word dat dit verkeerd is om met Russe of wie ook al te praat waar wie ook al bereid is om met óns te praat nie. Waarmee wel gesê wil word dat 'n mens nie kan ontkom aan 'n sekere mate van skeptisisme oor die wyse waarop die Ryssiese vyandbeeld en vele ander vyandbeelde in die verlede in stand gehou is nie.**

**Nie dat daar nie 'n eksterne en interne bedreiging en selfs 'n "aanslag" was nie, totaal ofte nie. Daarvoor was die bewyse wel daar. Maar die vraag is geldig: Is Suid-Afrika gedien deur die wyse waarop daardie vyandbeelde só lewend gehou is dat talle in wese verkeerde maatreëls om verkeerde redes of glad geen redes nie ingestel kon word? En is dit nie so dat meermale by die stembus die kiesers se stem gewerf is op so 'n negatiewe basis soos die "totale aanslag", eerder as op die basis van positiewe beleidsrigtinge?**

**(Ons laat die vraag daar of die strategie so goed gewerk het omdat die kiesers gehoor het wat hulle wóú hoor.)**

**Die ironie van die saak is dat dit só gerieflik geword het om agter totale en ander aanslae te skuil dat ons die perfekte verskoning gehad het om te sê dít wat ons weet móét gedoen word, sal ons nog doen — net nie nou nie.**

**En nou is die Rooi Beer se vyandbeeld, indien nie daarmee heen nie, nie meer wat dit was nie! Ook ander vyandbeelde — byvoorbeeld Mandela en die ANC — word al plek-plek in 'n effens ander lig gesien. Hopelik sal ander (paaiboelies?) wat mag oorbly, dieselfde paadjie volg.**

**Terwyl die land weer eens 'n verkiesing tegemoet gaan, laat dit dan sonder onnodige gehamery op bedreigings en aanslae wees. Die Nasionale Party en sy leiding wat hom die jare negentig moet binnelei, kan dit doen in 'n klimaat wat meer as in 'n lang tyd gunstig daarvoor lyk om te hamer juis op die geleenthede wat wag om aangegryp te word.**

**Daarmee kan hy nie alleen sy nuwe uitdager, die Demokratiese Party, se bestaansreg in die gedrang bring om leier van ons toekoms te wees nie, maar aan almal in Suid-Afrika wat moeg geword het van vyandbeelde, die beelde van hoop bring wat mense bo alles tog van hóm verwag.**